

Vrydag 10 Maart

Skrifgedeelte: Romeine 8:18-30

Fokusgedeelte: Romeine 8:23

Die Heilige Gees – belofte van bevryding

Ons lees in vers 23 van die Heilige Gees as die Eerste Gawe van God – die eerstelingsgawe. Dit verwys na die eerste gawe van die oes wat die belofte van die volle opbrengs inhou. So is die Heilige Gees die waarborg (Ef. 1:14) dat ons as volwaardige kinders van God aangeneem sal word wanneer ons van ons verganklike bestaan bevry word. God beloof ons dat die skepping, tesame met die mens, uit die “*verslawing van die verganklikheid*” bevry sal word.

Hierdie gawe wat ons van God ontvang, staan vas in Jesus Christus. ’n Vasstaande belofte wat niks kan verander nie (Rom. 8:31-39). Ons beleef steeds die effek van die sonde en dit maak dat ons soms blind is vir die belofte van God. Die Heilige Gees bevestig egter hierdie belofte in elkeen se hart wat die Gees ontvang het as die eerstelingsgawe van God. Dít sodat ons kan getuig met woord en daad dat alles wat God belowe, waar en seker is.

Ons weet vir seker dat ons in Christus van die aardse sugting verlos is. Daarom kan ons lewe in hoop en met die vaste wete dat God die hele skepping finaal van die effek van die sonde sal bevry. Ja, “*Hy sal ons van die vergank-likheid bevry*” (Rom. 8:23).

Hierdie sekerheid van ons verlede gee ons hoop en vertrouwe dat die beloftes van God vir ons toekoms waar sal word.

Sing: Skrifberyming 11-2:1-4

Proponent Jaco Cronje (Teologiese Skool Potchefstroom)